# VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| | | |
|---|---|---|
| Di | 03/02 | **Danie Erasmus,**. Wyk 11 |
| Wo | 04/02 | **Pieter Hugo (82),** Wyk 7 |
| | | **Gerrit Badenhorst,** Wyk 3 |
| Do | 05/02 | **Harm Stavast,** Wyk 1 |

**Bede met meelewing Psalm 20: 1 en 4.**

---

**Versoek van die Finansiële Kommissie:**
**Aangesien ons gemeente se finansiële jaar op 28 Februarie 2026 sluit, versoek ons lidmate om hulle kerklike bydraes op datum te bring.** **Frikkie Venter Voorsitter**

**DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS**

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom

**WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?**





Die Susters van wyke 7 en 8 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 42, nr 4 Sondag 1 Februarie 2026
*Redakteur:* Rudy van der Spoel 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

**Eredienste**: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** **E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurt by eredienste, kategese en Huis Eikelaan:**
**Ouderlinge:** Wyk 5 **Danie Erasmus**. Wyk 6 **Gerrit Badenhorst**
**Diaken:** Wyk5 **Riaan Schutte** en Wyk 6 **Coetzer Stoop**
**Skinkbeurt Susters: Wyke 7 en 8: Anita Stavast en Ina Roos**

## EREDIENSTE Oggend prof Callie Coetzee, aandds Jannes van Dyk

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00**
**Eredienste ook per whatsapp.**

---

**OGGEND** Prof. Callie Coetzee neem vanoggend weer sy preekbeurt in die gemeente waar. Ons bid hom die seën van die Here op die Woordbediening toe en bid hom en Susan elke dag krag en genade toe om in die wedloop van die geloof te volhard.
**Woordbediening:** Lukas 14.
**Sing:** Psalm 103: 1, 2; Psalm 65: 2, 3, 4; Psalm 34: 4, 6; Psalm 146: 1, 8; Skrifberyming 18-3 [29]: 8, 9.
**Sing met meelewing:** Psalm 20:1, 4.

---

**AAND Woordbediening:** Psalm 73.
**Fokusverse:** Psalm 71:1, 2, 16, 17; 23-24.
**Belydenis:** Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, paragraaf 11.
**TEMA:** *Die sekerheid van bewaring en volharding word nie altyd ervaar nie, en tog is die sekerheid altyd daar - God gee dit.*
**Sing:** Psalm 62:5; Psalm 68:9; Psalm 73:1, 2; Psalm 73:10:11; Skrifberyming 19-1 [47]:1 (na die Wegstuurseën).

---

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die **ROOI** sakkies vir Kerklike Tydskrifte.
Volgende week: Dankbaarheidsfonds
**VANAAND: Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en Kerkkas (Rooi)

**EREDIENS: HUIS EIKELAAN**
Prof. Albert Coetsee van die Teologiese Skool sal vandag om 15:30 by die erediens in die Kapel by Huis Eikelaan voorgaan. Baie dankie aan ouderlinge Danie Erasmus en Gerrit Badenhorst wat die toesigbeurte sal waarneem.

## LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

**MEEGEVOEL**
Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

**VOORBIDDING**
Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:
Ons is diep dankbaar teenoor ons hemelse Vader dat die biopsie wat **Susan Coetzee** ondergaan het, goed afgeloop het. Die uitslae behoort binne enkele dae bekend te wees en ons bede is dat dit gunstig sal wees..

Ons volhard in ons voorbidding vir **Dean du Plooy** wat in Potchefstroom Hospitaal aansterk. Dit is ons bede dat Dean genesing en lewenskwaliteit mag ontvang.

**Suzie Marais** se afspraak met die onkoloog wat vir verlede week beplan was, is verskuif en sy moet nou Dinsdag die onkoloog hier in Potchefstroom sien met die oog op bestralingsterapie. Ons verseker Suzie en Karel van ons voorbidding vir hulle.

**DANKBAARHEID** Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

**VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG**
Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

**HUWELIKSHERDENKING**
Daar is geen huweliksherdenkings hierdie week.



## ALGEMENE AFKONDIGINGS

### DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| So | 01/02 | 08:30 | Hoërskoolkatkisasie Les 2 | Bovertrek |
| | | 11:00 | Laerskoolkatkisasie Sondeval | Bovertrek |
| | | 19:00 | Diakonie vergadering | Konsistorie |
| Ma | 02/02 | 10:00 | Deputate Historiese Sake | Senaatsaal TSP |
| Di | 03/02 | 15:00 | Bybelstudie Huis Eikelaan | **Rooi sitkamer** |
| Wo | 04/02 | 09:30 | RIBBURGERS | **Kerksaal** |
| | | 18:00 | Bybelstudie (2 Korintiërs, Studie 6) | Konsistorie |
| | | | Hospitaalbesoek | |
| Do | 05/02 | 10:30 | Bybelstudie | Kerksaal |
| So | 08/02 | 19:00 | Kerkraad met diakens vergader | Kerkgebou |
| So | 15/02 | 09:30 | Nagmaal en gemeente-ete | Kerkgebou |
| Wo | 18/02 | 15:00 | Nagmaal Huis Eikelaan | **Rooi sitkamer** |
| Do | 12/02 | 18:00 | Bedieningskommissie vergader | Bovertrek |

| KATKISASIE | Sondag 1 Februarie | Sondag 8 Februarie |
|---|---|---|
| **Hoërskoolkatkisasie** | Les 2 | Les 3 |
| **Lesrooster:** | Genesis 3 | Genesis 6, 6, 11(bl 3) |
| **Psalmvers:** | Psalms 61: 2 | Psalms 61: 2 |
| **Heidelbergse Kategismus:** | Sondag 30 | Sondag 31 |
| **Memoriseerwerk** | Eksodus 20: 3 | Eksodus 20: 4 |

**BYBELSTUDIE**
Die Bybelstudiebyeenkomste hervat die komende week:
- Woensdagaand om 18:00 in die konsistorie word studie 5 (deel 2) van prof. Jorrie Jordaan se *Voëlvlug deur die boeke van die Nuwe Testament* behandel.
- Donderdagoggend 10:30 in die kerksaal word 2 Korintiërs verder bestudeer.
- Geen Bybelstudie by Huis Eikelaan hierdie week nie, omdat Prof Callie vir Susan vergesel met die oog op die biopsie.

**NAGMAAL: HUIS EIKELAAN**

Die sakrament van die Nagmaal word op Woensdag 18 Februarie om 15:00 in die Rooi Sitkamer van Huis Eikelaan gevier. Hierdie viering is vir lidmate in die versorgings-eenheid en verswakte lidmate in die woonstelle/-simplekse wat nie Sondag 15 Februarie in die kerkgebou aan die viering van die Nagmaal kan deelneem nie.
Ds. Jannes sal voorgaan in die erediens en Nagmaals-bediening.

**BEDIENINGSKOMMISSIEVERGADERING**

DIe vergadering van die Bedieningskommissie wat vir 15 Januarie beplan is, verskuif na Donderdag 12 Februarie om 18:00 in die konsistorie.

## VAN ONS SUSTERS

Februarie is 'n besige maand vir die Susters!
Ons hoop om die volgende gedoen te kry:

**7 Februarie** 'n kenmekaar vir die Jeug. Gee asseblief julle name vir tannie Marli Nortjé as julle kan bywoon.

**14 Februarie:** Koekies bak

**15 Februarie:** Nagmaalete: Sustersbestuur en die vrouens van die diakens.

**28 Februarie:** Sustersbyeenkoms, aangebied deur Groep 1: wyke 9, 10, 11 en 12

Ons sal die reëlings vir die Saamtrek vir die susters wat name opgegee het, deurgee.

Groete Alta Pretorius

**WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?**

Die Susters van wyke 7 en 8 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet



## RIBBURGERS

Ons beplan om vir
**Woensdag 4 Februarie**
'n klompie **RIBBURGERS** te maak
@ R 40 per burger.




U is welkom om u bestellings voor of op *Maandag 2 Februarie* deur te gee aan Yolandé 084 597 8903 of aan Jannes 072 224 7181 of Malie 018 294 4600 by die kerkkantoor

Ondersteun asseblief die projek deur waar u woon en werk en leef bestellings te neem – dit word baie waardeer.

Indien u 'n bydrae wil maak, kontak asseblief ds Jannes of Yolandé

**Versoek van die Finansiële Kommissie:**
**Aangesien ons gemeente se finansiële jaar op 28 Februarie 2026 sluit, versoek ons lidmate om hulle kerklike bydraes op datum te bring.** **Frikkie Venter Voorsitter**